

# BOERERATE

Baie dankie aan Annette Hayward vir die Boererate hieronder, ek waardeer dit. Ek het nie verander aan haar teks nie, ek plaas dit soos ek dit gekry het.

Moet ASSEBLIEF nie die rate gebruik alvorens jy dit met 'n dokter of ten minste 'n apteker bespreek het nie. Party van die konkoksies kan gevaarlik wees!!

## 'N MOET VIR JOU HUIS/MEDISYNEKAS

Lennon se produkte:

- Balsem Kopiva Niere en Blaas en Rugpyne
- Balsum Sulphiris Hardlywigheid
- Balsem Vita Wit Maagpyn, Koliek, Winde
- Behoedmiddel Diarree, maagpyn, Hoes (Beste)
- Borsdruppels Hoes, Kroep, Brongitis (Beste, beste, beste!)
- Bruindulsies Nier en Blaas
- Entressdruppels Maagpyn, Koliek, Winde, senuweetoestande en slaaploosheid
- Haarlemensies Niere en Blaas
- Lewensessens Ooreet of Hardlywigheid
- Paragoriese-Elikser Diarree, Maagpyn en Hoes (Beste vir maagpyn)
- Peppermintdruppels Maagpyn, Koliek, Winde
- Rooipoeier Hardlywigheid (en Mangels - sien Raad)
- Staaldruppels Stop van bloeding op snye - bloedarmoede, duiseligheid
- Tandpyndruppels Tandpyn
- Witdulsies Lae bloeddruk, wintershande en voete, maagpyn, Koliek, Winde
- Wonderkroonessens Hardlywigheid, Winde en Slegte Spysvertering (Beste!)

Ander by apteek:

- Omega 3,6 & 9 kapsules Help met omtrent alles (die moeite werd)
- Aluin Vir Mangels (saam met Rooipoeier)
- Krokksalf Eelte
- Oogdruppels
- Oorpyndruppels
- Pleisters
- Samboksalf Aambeie
- Mercurachrome Sere

Huishoudelike moet's:

- Apelasyn Vir hoë bloeddruk/Puisies/sweetreuke onder arms

- Borrie Vir voorkoming van borskanker
- Cayenne peper Vir omtrent alles
- Kaneel en Heuning Vir Rumatiek en verskeie ander kwale
- Donker sjokolade Vir hoë bloeddruk
- Knoffelhuisies Algehele gesondheid
- Lemoene/Kiwi Vit C
- Suurlemoensap Verskeie – sien raad ('n BESLI STE MOET IN DIE HUI S)
- Tamatiesous Anti-oksidad
- Vars suurlemoene Vir alles

IN YSKAS: (vir algehele gesondheid)

1 X 2 LITER WATER MET 2 EETL HEUNING EN 1 EETL KANEEL, DRINK GEREELD

1 X 2 LITER WATER MET 1 EETL BORRIE EN 1 EETL GEMMER, DRINK GEREELD

Verskeie raad word gegee. Gebruik wat vir JOU werk OP EI E RI SI KO – elke persoon is anders – daarom sal sekere raad help vir een persoon maar nie vir die ander een nie.

#### BELANGRI K

BLOEDDRUK: 120/80

BLOEDTELLING: Tussen 150-400 wees

CHOLESTEROL: 5 mmol/L of laer

BLOEDSUIKER: 3.3 TOT 5.9 mmol/l

EKG: Moet een laat neem as jy hartprobleme het of oor 40 is

ALGHELE GESONDHEID (As jy 'n diabeet is, kry eers mediese raad)

- Vital se Omega 3, 6 & 9 kapsules (3 vette balanseer, 6 nodige vis olies, 9 gesonde are en hartsisteem) NIE VIR JIGLYERS NIE ASB. En 'n Multivitamiene.
- Suurlemoensap in glas loutwarm water op leë maag elke oggend (gooi klein bietjie Cayenne peper daarin)
- 'n heel knoffelhuisie 3 x per dag
- 1 x 2 liter water met 1 eetl borrie in, sit in yskas – drink elke dag
- 1 x 2 liter water met 2 eetl heuning en 1 eetl kaneel, sit in yskas en drink elke dag
- 1 eetl. Tamatiesous 3 x per dag of 4 blokkies donkersjokolade 'n dag (hart)
- Swart rooibos tee of groentee of gewone tee (baie goed) en baie water
- Rooi druiwesap elke dag (Bloeddruk)

#### AAMBEI E

- Smeer Samboksalf gereeld binne en buite tot pyn verdwyn. (Werk fantasties!). Indien hardlywig, kan dit weer probleme gee. Kan selfs samboksalf eet om die derm end-uit te help genees.
- Sit 2 eetl. Engelse sout in 2liter water in yskas en vat elke oggend 'n sluk daarvan.

### AARVERKALKING/VERNOUING (Voorkomend)

- HOU OP ROOK
- Drink Vital se Omega 3,6 & 9 OF net 9), groentee en elke oggend appelasyn in loutwarm water op nugter maag
- Eet BAI E neutte, drink tee, sitrusvrugte, donker groen groente (BAI E BELANGRIK) en vermy vetterige kos
- Neem Folic-acid tablette (help met voorkoming van verkalking van are)
- Vernouing - eet appels, oats, bruin rys,

### ABSESSE - MOND

- 1 tl sout in warm water (moenie brand nie) of verdunde suurlermoensap - spoel mond 'n volle minuut met 'n slukkie uit, spoeg uit, neem weer 'n slukkie en spoel weer vir 'n minuut voor uitspoeg. Herhaal tot glas leeg is.
- Sit warmwatersak op wang

### ALLERGIEë

- Drink Vit C as antihistamien en smeer Vicks bo-op neus vir moontlike allergieë

### ARTRI TIS (Sien ook gewrigspyne)

- Omega 3, 6 & 9 Of net 3 kapsules
- Maak 1 x 2 liter bottel water met 2 eetlepel heuning en 2 eetlepels kaneel in en drink 3-4 maal per dag (Sit in yskas) - kan chroniese rumatiek heeltemal genees as gereeld gebruik word. (Dit werk)
- Maak 1 x 2 liter bottel water met 1 eetlepel borrie en 1 eetlepel gemmer aan en drink 3-4 maal per dag (sit in yskas) (Dit werk)
- 1 x 2 liter bottel water met 6eetl Engelse sout met sap van 10 suurlermoene - drink 3-4 per dag
- Sluk 3-4 heel knoffelhuisies per dag (sonder ophou) - passop vir verstik (Dit werk)
- Smeer Horse Liniment aan - vat pyn weg vir 'n hele ruk of kry Arthrexin pille by apteek - (goedkoop)
- Drink ysterpille of eet vleis, groen blaargroentes, eiers, bloubessies, olierige vis, neutte, lentils, olywe
- Eet okkerneute, soyabone en vetterige vis
- Eet Geel voedselssorte: Appelkose, Spanspek, pomelo, Lemoene, Suurlermoene, Mangos, Papajas, Perskes, Pynappels, Wortels, Pampoen, rooipepers Botterskorsies, Suikermielies, nartjies en geelpepers
- Die oranje pampoen en rooipepers, lermoensap, komkommersap, wortels en waatlemoen kan artritis voorkom

### ANTI OKSIDANTE

- Swart rooibostee - min of geen suiker - 3x per dag
- Drink Groentee, druiwesap,
- Tamaties, sonneblomsade, groen blaargroentes, Heuning, knoffel en borrie

### ALZHEIMER/GEHEUEVERLI ES - VOORKOMEND

- Omega 3, 6 & 9 kapsules - help met breinfunksie
- Eet baie appels, uie, tee, broccoli, druiwe en cocoa, selderye en eiers en

## aspersies

- Drink 1 glas rooiwyn of rooi druiwesap elke aand
- Eet pers voedselsoorte: Braambessies, Pruime, Rooi druiwe, Rosyntjies, Beet en Rooikool, Bloubessies en swartbessies
- Eet rooivleis, patat, pere, neute, eiers
- Vit B – B6 (gebakte artappels, piesangs), B12 (Vleis & skulpvis), tiamien (spagetti & vleis), niasien (hoenderbors)
- Neem Folic-acid tablette (help met verkalking van are) of drink Ginkgo Bilopa elke dag – (Uitstekend) (Duurder medisyne) asook Vit B en yster (vleis, groen blaargroentes, eiers, bloubessies, olierige vis, neute, lentils)
- Gaan stap gereeld

## ASMA

- Stofsuig matte gereeld of verwyder hulle – was beddegoed, gordyne, kussingslope ens. in baie warm water gereeld
- Eet baie appels, uie, tea, broccoli, druiwe en cocoa
- Drink rooiwyn (1 glas 'n aand) of rooi druiwesap
- Moenie hoesstropes gebruik wat hoes onderdruk nie – slym moet loskom
- Voorkom verkoues en griep en hou op rook
- Mense wat vitamien D3 neem se asma het verbeter

## BABELAS

- Drink original scheden bitter of Lennon se wonderkroonessens

## BEDNATMAAK (Kinders)

- Gee kind BAI E water - hy moet dit inhou en laat gaan, inhou en laat gaan – maak spiere sterk
- ½ suurlemoen soggens elke dag in loutwarm water
- Laat die kind verstaan dat dit nie 'n probleem is nie. Dit laat hulle gerus en ontspanne voel en dit sal end kry. Moet nie raas en baklei nie. Probeer versigtig uitvind wat pla hulle.

## BEENDIGTHEID

- Drink heuningbostee

## BEROERTE

- Omega 3,6 & 9 of net 9 kapsules
- Drink 1 tl Gemmer in lout water 3 x per dag
- Suurlemoen in loutwarm water met 'n bietjie cayenne peper in 3x per dag
- Drink baie tee – asook groentee met 'n bietjie sitrussap by (Lemoene- Vit C)
- Eet baie piesangs, pomelos en witwortel
- Eet 4 stukkies donker sjokolade per dag.
- Moenie te erg kwaad raak dat dit voel asof jou kop gaan ontplof nie
- Te veel sout verhard jou aarwande
- Drink melk om die risiko te verlaag

## BEWERIGHEID

- Neem Magnesium in (groen blaargroentes, Avo's, pampoen, sonneblomsade, melk, all bran, pasta ens.)

#### BLAASINFESI E (Sien ook Prostaatprobleme)

- Lennon se Balsem Kopiva of Haarlemensies of Bruindulsies vir mindere nier en blaas probleme
- Drink 4 tot 5 glase water 'n dag
- 1 tl Heuning met 2 eetlepels kaneelpoeier in loutarm water soggens en saans – dit vernietig kieme in die blaas.
- Suurlemoenap in loutarm water elke oggend en aand
- Smeer ongegeurde yogurt op branderige aangetaste deel

#### BLASE

- Smeer suurlemoen op
- Moet nie stukkend steek nie

#### BLOEDARMOEDE

- Eet Rooi voedselsoorte: Rooi appels, Tamaties, Pomelo's, Waatlemoen
- Drink Lennon se Witdulsies – dit help ook met duiseligheid of Lennon se Staldruppels (yster) teen bloedarmoede
- Drink ysterpille of eet vleis, groen blaargroentes, eiers, bloubessies, olierige vis, neute, lentils
- Eet baie vleis

#### BLOEDING

- Sit Lennon se staldruppels op of suiker of peper of borrie op – antisepties en stop die bloeding
- As dit aanhou bloei beteken dit die bloed stol nie – gaan Dr toe en kry bloedtelling – moet 150-400 wees.

#### BLOEDDRUK

- Eet rou uie om dit laer te maak

#### BLOEDSOMLOOP – SWAK

- MOENIE ROOK NIE !
- Omega 9 kapsules
- Skrop jou hele lyf liggies met seep en suiker of sout om goeie sirkulasie aan te help
- Drink Folic Acid tablette elke dag
- ½ tl rooipeper gemeng met ½ tl mostert in loutarm water 2-3 x per dag
- Duur pille – Vascafem (werk uitstekend)
- Drink knoffel om bloed te reinig

#### BLOEDKLONTE

- Eet swartpeper en mosterdsaad, borrie, naeltjies, rooirissies en gemmer
- HOU OP ROOK !
- Drink 'n bietjie kaneel in loutarm water - dit verdun bloed

#### BLOU KOLLE

Indien jy vinnig blou kolle kry: 'n Vit C tekort - eet meer lemoene/ Kiwi's (1 Kiwi is gelykstaande aan 8 lemoene)

#### BORSTE - HELP TEEN KANKER - voorkomend

- Meer as 3 glase alkohol per dag kan jou kanse om borskanker te kry met 30% verhoog
- Eet BAIE tamaties of tamatiesous
- Sit 1 eetlepel borrie in 'n 2 liter bottel water in yskas en drink elke dag daarvan
- Eet 4 blokkies donker sjokolade elke dag
- Eet soya, spinasie, blaarslaai, kool, pruimedante, neute en sade en sampioene
- Smeer Gousblom aan 3 x per dag - drink dit ook as tee
- Vir knop in bors - smeer sweedse bitters, volle sterkte op bors en drink 3 x per dag mondeliks
- Ek het eers 'n warmwatersak teen die knop gehou en dan 'n yskoue kompressie maar ek het vermoed dis net 'n verstopte limfklier en dit het gewerk - knop het verdwyn (gebruik op eie risiko)

#### BOSLUI SBYT

- Moet nie aftrek nie!!!, smeer vaseline dik aan buitekant - hy versmoor en trek self koppie uit
- Smeer terpentyn aan tot hy self afval of steek vuurhoutjie aan, blaas dood en druk branddeel teen boslys se lyf - hy sal kop uittrek
- Was na die tyd met warm water en seep af

#### BRANDWONDE (strykyster, stoof ens.)

- Sit dadelik in ys-yskoue water en hou daar totdat dit nie meer so erg pyn het nie. Hou so aan totdat pyn bedaar. Sit dan skoon doek oor en gaan dokter toe as dit baie erg is.
- Klein brandplek - sit tandepasta op
- Bo-op 'n blaas - borasic poeier - dit trek die vog uit die blaas
- Smeer die sap van aalwynblare aan, sal voorkom dat blase vorm

#### BUIKSWELLING

Dis gewoonlik net 'n wind wat vassit of jy hou water terug (sien waterretensie)

- Lennon se Peppermintdruppels, Wonderkroonessens of Jamaika Gemmer
- Om dit te voorkom, drink 'n glas loutewarm apelasyn in water 'n ½ uur voor ete of eet baie yogurt
- Spinasie, blaarslaai en komkommer maar VERMY KOOL

#### BYSTEEK

- Indien allergies - DADELIK dokter toe tensy jy jou medisyne by jou het
- Skraap angel uit - MOENIE uittrek nie - Sit engelse sout-oplossing op watte op steekwond - bedek met pleister

#### CHOLESTEROL IN BEHEER HOU

- Telling onder 4 = alzheimers en 7 en hoër = hartsiektes
- Omega 3 kapsules
- Eet Piesangs, Uie, Knoffel, Gemmer, Sampioene, Bruin pere, Dadels,

Artappels en Pomelo's, rou groente, rou uie en BAIE MIN BROOD – eet ook wortelsap, uie, pomelos, bruin rys en hawermout

- Sluk 2-3 knoffelhuisies per dag en gebruik olyfolie ipv gewone olie
- Kaneel in oggendkoffie, op roosterbrood en in hawermout om cholesterol te verlaag
- Drink baie tee – asook groentee
- Neem Vit A (neute, salm, haring en tuna) JIGLYERS MAG DIT NIE EET NIE, C (lemoene, kiwi's of suurlimoene) & E en seleniumpille

## DEPRESSIE

- Omega 3,6 & 9 kapsules
- Eet Rooi voedselsoorte: Rooi appels, Tamaties, Pomelo's, Waatlemoen, Aarbeie, Rooi druiwe, Radyse, Kersies, Rooipepers
- Eet Geel voedselssorte: Appelkose, Spanspek, pomelo, Lemoene, Suurlimoene, Mangos, Papajas, Perskes, Pynappels, Wortels, Pampoen, Botterskorsies, Suikermielies, nartjies en geelpepers
- ½ Suurlimoen in glas loutwarm water 3 x per dag
- Drink Naeltjie tee en baie water
- Eet meer neute en sade
- Geel mosterdsaad – kook en laat afkoel – drink saam met heuning
- Vat die Here se hand en vra SY hulp
- Vryf oorlobbe
- Drink seleniumpille, Anti-depressante of Balanced C 30/70
- St Johns Wart wortels – laat trek in water en drink as tee

DIABETES laat jouself toets – of as jy aanhou dors na water of baie, baie water drink van dors

- As jy dit vermoed, MOET jy aandag kry – dit kan blindheid, nier- en hartsiektes veroorsaak
- VERMY KOFFIE!! Dit verhoog die bloedsuikervlak
- Eet pers voedselsoorte: Braambessies, Bloubessies en swartbessies Pruime, Rooi druiwe, Rosyntjies, Beet en Rooikool, Bloubessies en swartbessies
- Eet baie neute of peanutbotter (1el. Per dag), 1 heel knoffelhuisie per dag, Rou uie (nie met maagsweer), Rou wortels en patat, Groen olie van Olywe asook witwortels (dit stabiliseer bloedsuikervlak)
- Praat eers met jou Dokter: Duurder pille (Diabion van Merck) vir voorkoming of Zinplex Magneplex of Balanced C 30/70

(VOORKOMEND – AS DIT OORERFLIK IS)

- Drink 4 koppies koffie 'n dag – dit verlaag jou risiko om diabetes 2 te kry
- Matige drink van bier en wyn verlaag jou risiko – dit help insulien en bloedsuiker reguleer
- Eet pers voedselsoorte: Braambessies, Bloubessies en swartbessies Pruime, Rooi druiwe, Rosyntjies, Beet en Rooikool, Bloubessies en swartbessies
- Praat eers met jou Dokter: Duurder pille (Diabion van Merck) vir voorkoming of Zinplex Magneplex of Balanced C 30/70

## DIARREE

- Lennon se Behoedmiddel - uitstekend
- Herstel jou maag: Vat sewe heel swartkorrels. Drink 1ste dag 3, 2de dag 4 ens. tot 7 klaar is. Los vir 'n week en begin weer.
- Mezina met water gemeng OF Gerasperde appel (bruin word) of Oorryp piesang of Vars suurlemoensap

## DUISELIGHEID

- Lennon se Witdulsies of Sout op tong of Eet beet of Drink yeast pille

## DUITSE MASELS (Aansteeklik)

Simptome: Verkoue, hoes, seerkeel, hoofpyn, pyn in spiere, vergroting van limfknope agter ore, dowwe rooi uitslag veral in gesig en nek

- Swanger vroue bly weg!!!
- Algehele rus nodig in afsondering

## EELTE (Sien Liddorings)

## SLEGTE EETLUS

- Kry magnesium in (groen blaargroentes, Avo's, pampoen, sonneblomsade, melk, all bran, pasta ens.)

## EKSEEM

- Omega 3,6 & 9 kapsules
- Was aangetaste dele met Aluinpoeier of rooibostee
- 1 x 2 liter bottel water met 1 eetl borrie in (Neem 3 x per dag) – dit voorkom ook sweet
- Eet baie pomelo's en Drink swart rooibostee
- Gebruik Blue seal vaseline, gliserien en Johnson babapoeier – meng en gebruik
- Julle sal nie hiervan hou nie maar smeer urine aan

## EMFISEEM

- Koper inkry
- Drink Peppermint tee, Drink uiesap, Rooiwyn 1 x per dag
- 3 gelyke tl rooipeper op tong na etes – sluk af met vrugtesap
- Geen koffie or tee of gaskoeldranke of suiker of soda nie – slegs rooibostee (swart)
- Eet baie appels, uie, tea, broccoli, duiwe, cocoa, baie vis, skorsies en tamaties

## FLOUTES

- MOET NOOI T PERSOON SE KOP LIG NIE – LAAT PLATLê EN LIG BENE 45°
- Maak stywe klere los, Sit koue kompres op voorkom en Gee bietjie gemmerpoeier in loutwarm water

## GAL/BLAAS

- ½ Suurlemoen in glas loutwarm water op leë maag elke oggend



- Drink 8 Glase water
- Koop "Bilbon" by apteek – werk soos 'n bom
- Neem 3 eetl olyfolie saam met suurlemoensap oggend en saans
- Vermy suiker en kos wat suiker bevat

#### GEHEUE (Sien Alzheimers)

#### GEIRRI TEERD

- Kry magnesium in (groen blaargroentes, Avo's, pampoen, sonneblomsade, melk, all bran, pasta ens.)

#### GESIG LAM EN SIEN LIGFLITSE

- Teken van beroerte – behandel soos onder Beroertes (KIA – tydelike breinaanvalle)

#### GEVAARLIKE CHEMIKALIë

- Sigaretrook, Harde margarien in winkelkoekies en pasteie, Nywerheidsgasse soos dioksien, Akrielamied – gebraaide artappelskyfies, koffie, brosbread en sigaretrook, Asbeshuise, Plastiek bababottels en kleefplastiek in die mikrogolfoond

#### GEWASSE

- Rooiwyn kan gewasse en ontsteking teenwerk asook Sampioene

#### GEWRI GSPYNE (Sien arthritis)

#### GEWIGSVERLIES

- Drink green tea – goed vir die metabolisme
- Eet pers voedselsoorte: Braambessies, Pruime, Rooi druwe, Rosyntjies, Beet en Rooikool
- Eet groen kosse om gewig te verloor: Groen appels, Lemmetjies, Kiwivrug, Kool, Spinisie, Blaarslaai, Seldery, Komkommers, Broccoli, Aspersies, avokados, druwe, ertjies, groenboontjies, pere
- Eet rooi en groen appels, Tamaties, Pomelo's, Waatlemoen, Eet lensies, patat en appels
- Eet selderysop voor etes – dis 'n eetlusdemper
- Chillipepers, salsa, gemmer en mostert kan jou metabolisme versnel en kaloreë vinniger verbrand
- Ruik aan vanielje geursel as jy lus is vir iets soets
- Drink vrugte of groenteskommels
- Brandrissies vertraag die groei van vette – een tl brandrissies 'n dag sal help met gewig verloor
- Dieet met proteiene hou jou langer versadig

#### GRIEP

- Smeer bad se rand met Vicks, maak vol warm water, hou badkamer deur toe sodat dit kan stoom. Vryf dan Vicks op bors, rug en onder voete – klim in.

Terwyl in bad, drink 4 disprins OF Medlemon as jy het.

- Trek warm aan – klim in bed en rus
- Voorkomend: Drink 2-3 knoffelhuisies per dag

## GOUT/JIG

- Koop onverdunde Swartkersiesap – verdun 50% met water in 1 of 2 liter bottel en drink 3-4 x per dag – genees amper heeltemal
- Eet baie komkommers of drink baie komkommersap en drink ook baie water
- Uriensuur hoop op in die liggaam dus moet jy dit suiwer – koop Dr Auer's se Base powder
- VERMY: vleis- bees en skaap, orgaanvleis-brein, lewer, niertjies en soetvleis, Vis-sardientjies, haring, makriel, mossels, kreef, kaviaarsitrusvrugte, piesangs, tamaties, spinasie, sampioene, peule, blomkool, ryk vetterige kos, kragtop, vleisdrupsels, souse en vleisaftreksels, bier en brood asook soetgoed wat gis bevat
- 1 Suurlemoen in louchwarmwater op nugter maag elke dag
- Sit ½ tl Engelse sout op tong en sluk af met water as jy pyn verduur
- 1 x 2liter water met 1 eetl Gemmer en ½ tl Rooipeper, skud goed, sit in yskas en drink 3 x per dag
- Eet Pietersielie
- Koop Horse Liniment by die apteek en vryf aangetaste gedeelte gereeld
- Sit koolblare op, vervang twee x per dag vir omtrent 'n week lank.
- Ander raad: Koop original Schweden bitter en drink gereeld met water

## HAARVERLIES

- Vryf klapperolie of Bayrum aan kopvel in elke aand – bedek kop met 'n kappie. (Dit werk nie oornag nie).
- Eet baie spinasie
- Vryf 'n pasta warm olyfolie, 1 eetlepel heuning en 1 teelepel kaneelpoeier – vryf op bles voor badtyd – los aan vir 15min en was af – herhaal 1 keer per week.

## HANDE

- Sit room aan en dan handskoene voor skottelgoed was
- Hou handerom by die wasbak, kombuis, sitkamer, kamer ens. en vryf gereeld in
- Handerom met 'n bietjie suiker in verrig wondere – bedek hande as jy in die son kom

## HARDLYWIGHEID

- Ontspan, relax!!!!!! Spanning veroorsaak baiekeer hardlywigheid
- Eet Geel voedselssorte: Appelkose, Spanspek, pomelo, Lemoene, Suurlemoene, Mangos, Papajas, Perskes, Pynappels, Wortels, Pampoens, Botterskorsies, Suikermielies, nartjies en geelpepers
- 1 el. Engelse sout in 500ml water opgelos – sit in yskas en neem 'n groot sluk elke oggend op nugter maag.
- Lennon se produkte: Lewensessens, Wonderkroonessens, Rooipoeier

- Eet baie graan – All Bran ontbyt, rosyne ens.
- Drink 'n glas loutwarm water met apelasyn – 30 min voor etes
- Baie yogurt – vekieslik nie-gegeurdes

### HARSINGSKUDDING

Erge hoofpyn, aanhou braak, word moeilik wakker, stuipe, ander gedrag, swart in oog groter, dubbelvisie, swelling

- Geen alkohol, laat brein rus, lê bietjie, lig kopenent van bed, ysbakke om swelling te verlig

### HARTAANVAL – BY VROUE

- Ongemaklike gevoel in bors, kortasem, moeg, naar, braak, duiselig, floutes en geswelde voete

### HARTAANVAL – BY MANS

- Swakheid en lam gevoel in gesig, arm or been aan een kant van die liggaam, verward, sukkel om the praat of verstaan, sukkel om met oë te fokus, duiselig, balansprobleem, erge en vreemde hoofpyn

Bel dadelik ambulans 10117 en gee mond-tot-mond-asemhaling indien nodig

### HARTKWALE

- Vermey pessimistiese uitkyk, aggressiewe of vyandige temperament
- Borsel tande gereeld - tot 700 bakterieë kan in bloed vrylaat – kan bloedklont veroorsaak (Bloeiende en vuil tande)
- Die dood van iemand en skuld kan ook jou hart skade aandoen
- Omega 3,6 & 9 kapsules
- Drink gereeld Bloubessies- en swartbessiessap, rooiwyn (1 glas 'n dag), swart rooibostee, gewone tee 3 x per dag en drink groentee met 'n bietjie sitrussap by (Lemoene- Vit C), cocoa en swart tee
- Verminder jou soutiname
- Geniet 'n koppie groentee 2 x per dag
- Meng 2 eetlepels heuning en 3 tl kaneelpoeier in 2 liter bottel water, sit in yskas en drink 3 x per dag (Beste)
- Meng 1 eetlepel borrie in 2 liter water en sit in yskas – drink 3 x per dag
- Drink loutwarm water met apelasyn 1 x per dag
- Eet Geel voedselssorte: Appels, Appelkose, Spanspek, pomelo, Lemoene, Suurlemoene, Mangos, Papajas, Perskes, Pynappels, Wortels, Pampoen, Botterskorsies, Suikermielies, nartjies en geelpepers, Piesangs, Uie, Knoffel, Gemmer, Sampioene, Bruin pere, Dadels, Artappels, Artappelskille, Broccoli, druive Rooipeper, tamaties, ertjies,
- Hartkrampe - Halwe tl Cayenne peper in loutwarm water 3 x per dag – hoes hard en lank tot pyn verdwyn
- Ander raad: Zinplex Magneplex of Balanced C 30/70

### HEPATITIS

- (Voorkomend) – eet 5 basilblare 'n dag

## H I K

- Sit yssak agter op nek of bruinpapiersak oor mond – haal diep in en uit asem en vra 'n BAI E moeilike vraag – soos wanneer laas het die ou 'n wit perd gesien – die diep denke stop hik heeltemal

## H I P E R A K T I W I T E I T (Kinders)

- Drink Kamille tee en eet Hawermout pap en Licorice

## H O E S / B O R S K W A L E

- Lennon se Borsdruppels – uitstekend
- Droë hoes – 1 tl heuning
- 1 eetl heuning met ¼ tl kaneelpoeier in loutwarmwater vir 3 dae (Genees chroniese verkoue, hoes en sinusitus) N I E H E U N I N G V I R K I N D E R S O N D E R 1 N I E – K A N B O T U L I S M E O P D O E N

## H O O F P Y N E

- Kry Magnesium (Groenblaargroentes, sonneblom en pampoensaad, melk, all bran, bakbone, pasta en lentils), Yster (vleis, groen blaargroentes, eiers, bloubessies, olierige vis, neute, lentils) en Zink (Oesters, rooivleis, hoender, pampoensade, minder tee en koffie) in.
- Drink 'n kwart tl gemmer in loutwarm water
- H O U O P A A N H O U H O O F P Y N S T I L L E R S N E E M (Toxic overload)- dit veroorsaak weer hoofpyne
- Vermy hoofpyne deur nie te stress nie, 'n gebalanseerde dieet te volg, yspak op voorkop, minder op rekenaar werk want rekenaarskerm kan hoofpyn veroorsaak, strek vir 5 minute 'n dag, oefen gereeld, masseer mekaar se voete, kry genoeg slaap, masseer nek en skouers – kry genoeg magnesium, kalsium en vit B2 in
- Drink original scheden bitter
- Drink loutwarm asynwater
- Sluk heel knoffelhuisies – passop vir verstik
- Sny artappel in 2 en vryf op slape tot pyn bedaar.
- Moenie iets wat styf is dra nie, vernaam skoene wat druk, dit hinder die bloedsomloop en veroorsaak beroerte.
- Meng 'n bietjie mosterd en asyn en sit dit tussen twee lappies en plaas dit op voorkop. Hy sal nie gou weer kopseer kry nie.
- Trek roosmaryn soos 'n sterk tee en versoet met heuning.

## H O O I K O O R S

- Eet 3 Piesangs of magnesium pille, drink suurlemoensap in loutwarm water elke oggend of drink naeltjietee

## H o ë B L O E D D R U K (Die stille moordenaar – oorgewig/menopause)

- Eet seldery, artappelskille, baie piesangs, pomelos, sonneblom sade, cashews en kidney beans
- Drink die sap van 1 suurlemoen, 2 eetl heuning en 5 rosyne – meng en eet od drink n bietjie apelasyn in sloutwarm water elke dag
- Drink 1 glas rooiwyn 'n aand ('n 2de glas kan hoë bloeddruk en hartversaking

verhoog)

- Verminder sout inname – gebruik eerder celdery sout
- Drink 3-4 Knoffelhuisies per dag (moenie verstik nie)
- Drink 'n lepel van die asyn sous van gebottelde beet - werk goed

#### INGROEI -TOONNAELS

- Koop Krokasalf en gatjie-pleister. Smeer salf aan probleem toonnael, sit pleistertjie oor met gewone pleister bo-oor dit. Hou oornag aan. As area dood is – vat skerp messie en krap die oorgroeide vel af, sny die toonnael reguit en laat staan. Herhaal elke keer as dit pynlik word. **MOET NIE GEBRUIK AS JY 'N DIABEET IS NIE**

#### IMMUNIT EIT OPBOU

- Eet baie knoffel, yster (vleis, groen blaargroentes, eiers, bloubessies, olierige vis, neute, lentils), Zinc (Oesters, rooivleis, hoender, pampoensade, minder tee en koffie), Vit B12, Yogurt en baie vleis

#### INF EKSIES

- Drink daaglik heuning in tee, of in water – heuning kan jou van binne en buite genees – dit vernietig bakterieë

#### INFLAMMASIE

- Omega 3, 6 en 9 kapsules (baie belangrik)
- Drink 3 heel huisies per dag (anti-fungi, anti-septies en antibiotika) – passop vir verstik
- Sit warm kompressie op plek, hou daar vir 10 minute – vervang onmiddelik my ys-yskoue kompressie – Herhaal weer na 'n uur of wat totdat dit beter voel
- 1 x 2 liter water met 1 eetlepel borrie in, sit in yskas en drink op leë maag elke oggend.
- Eet rou uie

#### INSEKBYTE

- Pypolie opsit, Gooi koeksoda in water gemeng of suurlemoensap op (dit sal bietjie brand), Smeer met rou ui, Smeer salmonella olie aan
- Brand salmonella kerse
- Drink 'n heel knoffelhuisie of drink tonic water voor jy uitgaan in so 'n gebied?

#### JEUK

- Smeer gewone seep aan of Koeksoda in water of Gemmerpoeier in badwater of vryf met rou ui of vicks
- Sykous gevul met rou hawermout pap – maak aan kraan vas en laat in bad hang

#### JEUKERIGE KOPVEL

- Eet baie olywe

#### KANKER (Voorkomend)

- Moenie kos braai op té hoë temperatuur
- Vermy vleis (medium to well-done) – maag, kolon en borskanker
- Drink Suurlemoen in loutwarm water elke oggend op nugter maag

- Eet baie wortels, pampoens, knoffel, kiwi's, aarbeie, vlasaad, bloubessies, en swartbessies, rooipeper, pomelo's groen olie van olywe, boontjies, ertjies, lentils en helder en donkerblaargroentes, broccoli en brussels sprouts
- Verlaag kans deur groentee te drink met 'n bietjie sitrussap by (Lemoene- Vit C)
- Tamaties en waatlemoene moet by kamertemperatuur gestoor word - dit behou meer likopeen as wat dit in die yskas is.
- 1 x 2 liter water met 1 eetl borrie, sit in yskas en drink 3 x per dag vir voorkoming van Borskanker
- Eet Papaja vir kolon en servikskanker

## KARSI EK OF SEESI EK

Drink naeltjietee

## KATERAKKE

- Kry Vit A (Neute, salm, haring en tuna of Omega 3 kapsules) & C (Lemoene, suurlemoene en kiwi's) in vir katerakke en degenerasie en Eet baie groenpepers, swartpeper, mosterdsaad en tamaties, appels met groen skil, uie, tea, broccoli, groen druiwe, groenpruime, kiwi's en cocoa, Gebruik bloubosbessie-ekstrak met Vit E en drink rooiwyn 1 x per aand
- Hospitaal in Port Shepstone - verwyder katerakke binne 15min met stellaris masjien

## KARKATJIES

- Glo dit of nie - 'n bietjie urine kan aangesit word

## SEER KEEL

- Gorrel elke uur met sterk suurlemoensap
- Gorrel met 'n bietjie warm groentee of warm water gemeng met heuning
- Drink sage tee, Sweedse bitter
- Sluk Knoffelhuisie heel - passop vir verstik
- 1 x 2 liter water met Suurlemoen en Rooipeper, sit in yskas en drink gereeld

## KNEUSPLEKKE(Soos na 'n val ens.)

- Smeer suurlemoen op
- Sit koue kompressie op vir 10 minute.

## KOORS

Maak seker die persoon kan sy ken op sy borskas rus - indien nie - jaag hom dokter toe - moontlike breinvliesontsteking

Indien hy wel ken kan neersit:

- Sit persoon in bad vol loutwarm water met 2 koppies bruin asyn in en voeg dan koue water stadig by totdat koors verdwyn (sal stink maar sal help) of
- Maak handdoek nat met loutwarm water gemeng met bruin asyn en sit op persoon se hele lyf en kop totdat handdoek koud is - herhaal
- Waaier op lyf (nie die beste idee nie - kan verkoue aanbring)
- Gee koue drankies om te drink en komkommersap elke 2 minute.
- Gee Naeltjietee om te drink

## KOORSSERE

- Sodra dit begin- sit dadelik tandepasta op en dit verdwyn
- As dit reeds oop en lelik is, smeer Vicks aan, Covosan by die Apteek (Uitstekend), Prep, suig aan suurlemoenskyfie, Smeer avokado op (vit B12 kort) of vanilla essence

## KOLIEK

- Lennon se Stuipdruppels of Witdulsies (gee 5 druppels met water)
- Sit creamsoda koeldrank in medisyne botteltjie nadat al die gas uitgeskud is en gee vir kleinding
- Vul bottel met swart rooibostee

## KOLONKANKER

- 1 x 2 liter bottle water gemeng met 1 eetlepel borrie, sit in yskas en drink gereeld en drink baie tee
- Eet Brasiliaanse neute, baie vis, eet tamaties, witwortels, bruinrys, koring, appels, papaja's, sitrusvrugte en Oats

## KOPLUISE

- Spoel kop vir lank af met onverdunde asyn, laat kop bietjie in asyn lê of sit mayonaise aan, sit kappie op vir 2 ure

## KROEP

- Klein bietjie apelasyn in warm water – drink bietjie vir bietjie

## KOORSBLARE

- Smeer Vanilla Essence aan net as sy kop uitsteek en daarna (Werk soos 'n bom), Suig aan suurlemoenskyfie, Eet rou, vars koorsblare maar hou so lank moontlik in mond

## LAE BLOEDDRUK

- Eet licorice, Suurlemoen met sout, Rou beet gerasper, Drink milstout bier, Lennon se Witdulsies

## LANGER LEWE

- Green tea

## LEWERONTSTEKING

- Eet licorice, 1 eetl Engelse sout in water, 1 Suurlemoen in loutwarm water op nugter maag, eet 2 tl olyfolie en ½ tl Rooipeper in loutwarm water 2-3 keer 'n dag

## LEWER

- Eet meer broccoli, blomkool en kool – dit stimuleer die lewer (mense wat baie drink kan dit probeer)
- Eet pomelos – die maak die lewer skoon, seldery en aspersies – dis 'n lewertonikum en licorice

## LIDDORINGS

- Kry pleisters met gatjie in die middel – koop Krokasalf en smeer dik op aangetaste deel – sit pleistertjie op en maak toe met gewone pleister – los oornag. Die gedeelte sal heeltemal dood wees – krap nou mooi gelyk met skerp messie. Indien nog steeds seer – herhaal proses. (My skoonpa se probleme is op 'n einde) MOET NIE GEBRUIK AS JY 'N DIABEET IS NIE

## LIMFKLIERE SKOONHOU

- Drink 'n halwe suurlemoen in loutwarm water 3 x per dag

## LIPPE

- Afskilfer – sit pertroleumjellie aan en borsel saggies met ou tandeborsel

## LONGKWALE

- Eet baie appels, uie, tea, broccoli, duiwe, cocoa, vis, skorsies, tamaties, pomelos (versterk asemhalingsorgane) en licorice
- Drink rooiwyn (slegs 1 'n dag) of rooi duiwesap

## LUSTELOOSHEID

- Eet Rooi voedselsoorte: Rooi appels, Tamaties, Pomelo's, Waatlemoen
- Eet aspersies, bananas vir energie
- Drink groetee
- Vryf oorlobbe

## MAAGKWALE

- Eet piesangs
- Vat sewe heel swartkorrels. Drink 1ste dag 3, 2de dag 4 ens. tot 7 klaar is. Los vir 'n week en begin weer.
- Sluk 1 rou eier elke oggend op leë maag – kan in melk gedrink word met vanielje geursel
- Eet licorice en Drink komkommersap

## MAAGKRAMPE

- 1 x 2 liter water gemeng met 2 eetl Heuning met 1 eetl kaneelpoeier, sit in yskas en drink gereeld - genees maagpyn en maagswere en winde
- 1 x 2 liter water gemeng met 1 eetl gemmer, sit in yskas en drink gereeld
- Pietersielie by geregte (maagkrampe en slegte spysvertering)
- Gewoonlik werk dit as jy toilet toe gaan en sit tot dinge gebeur.
- Lennon se Wonderkroonessens (Uitstekend), Balsem Vita Wit, Peppermintdruppels

## MAAGSERE

- Neem klein blikkie Zamboksalf en deel in 4 dele – rol in bolletjies en rol in icingsugar – sluk elke oggend op nugter maag en as dit baie erg is voor slapenstyd weer
- Drink 3 druppels Fryers Balsem of staaldruppels op 1tl suiker
- Yogurt 2-3 x per dag vir 'n paar weke lank



- Eet baie piesangs, pomelos, licorice en drink komkommersap of eet komkommers
- 1 x 2 liter water gemeng met 2 eetl heuning en 1 eetl kaneel, sit in yskas en drink gereeld - genees maagpyn en maagswere
- Drink elke dag 'n rou eier geklits (dit gee 'n voering in die maag) - kan met melk drink ens
- Drink 'n ½ suurlemoen in loutwarmwater 10 minute na etes
- Maagsweer wat bloei - Neem 30 violet blaartjies (nie african violets nie), kook in 450ml water, laat afkoel, dreineer en hou in bottel in yskas en drink 2tl vol elke oggend (kan dit nie bevestig nie - jammer)
- Drink gereeld Cranberry juice

## MAANDSTONDES

- Neem ysterpille of (eet baie vleis, groen blaargroentes, eiers, bloubessies, olierige vis, neute, lentils) en Vit C (lemoene, suurlemoene, kiwi's, pomelo's) in,

## MALARIA

- Nie 1 pil is 100% doeltreffend nie
- Slaap onder muskietnette wat met insekdoder behandel is
- Hou kinders skemer binne
- Dra langmouhemde en broeke, sokkies en skoene van na skemer af
- Smeer insekserende middels aan lyf wat uitsteek
- Gaasnette voor deure en vensters
- Waaier of lugreëling
- Brand spirale ens.
- Kinders onder 5 en swanger vroue moet lief's nie sulke areas besoek nie
- Gooi bloekomblare in vuur - hou muskiete weg

## MANGELONTSTEKING

- Meng rooipoeier (NIE rooipeper nie) met aluinpoeier maak fyn en smeer aan mangels 3 x per dag

## MASELS (Aansteeklik)

